LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT
GRAAD EEN AKADEMIESE KWARTAALPROGRAM
TEMA: MY GEMEENSKAP

Geagte Ouer

Welkom terug na `n heerlike wintervakansie. Maak asseblief seker u kind het al die nodige skryfbehoeftes vir die kwartaal. Hou asseblief nuusbriewe dop vir belangrike datums. Oueraand briewe gaan die week huistoe. Oueraand vind plaas Woensdag 17Julie. Ons skryf van nou af ook Engelse spelling.

Ons wil graag op u ‘n beroep doen om vir ons hondekos, katkos, dierebederfies, komberse, ou handdoeke en ou roomysbakke te stuur indien moontlik. Ons volgende tema is Troeteldiere. Ons hou ‘n kompetisie en skenk die bydraes aan die Centurion DBV tak. ‘n Veearts kom die kinders toespreek. Byvoorbaat baie dankie.

WEEK 1: 9 - 12 Julie

- Huiswerk word uitgegee-merk asseblief en gee Vrydag in.
- **Spelling: oom, oor, oog, ook, soos, room, voor, roos, boom, koop**
- Bou brief 6 in Woordboulêer
- oo Woorde word in die klas bespreek en ons bou sinne daarmee.
- Leeskaarte 1 en 2 - Ansa is siek, word by die huis geoefen.
- Leeskaart met o en oo woorde word by die huis en klassikaal geoefen. Lin se vis word in die klas gelees.
- Verrykende leeskaart word klassikaal gelees.
- Wiskunde: Tel tot 60 en terug, tel in 2`s,3`s,5`e en 10`e.
- Getal 11 plus en minus kombinasies.
- Probleemoplossing, simmetrie, voor, tussen, en na, 2D en 3D, meer en minder.
- Afrikaanse rympie: Skoppelmaai
- Engelse rympie: Sleepy Bear
- Engelse storie: Tidy Bear
- Letterland: Clever Cat
- **Spelling: cat hat sat rat bat – word Vrydag geskryf.**
- Lewensvaardigheid: Bespreek plekke in ons gemeenskap.

WEEK 2: 15 Julie - 19 Julie

- Huiswerk word uitgegee- merk asseblief en gee Vrydag in.
- **Spelling: dat, wat, dan, van, kan, daar, waar, laat, maat, kaas**
- Bou brief 7 in Woordboulêer.
- a en aa Woorde word in die klas bespreek en ons bou sinne daarmee.
- Leeskaarte 3 en 4 – Ansa is siek, word by die huis geoefen. Lin se vis word in die klas gelees.
- Wiskunde: Getal 12, optel, aftrek, probleemoplossing, simmetrie, meer en minder, 2D en 3D. Tel tot by 70 en terug.
- Afrikaanse rympie: Rondomtalie
- Engelse rympie: Barnaby Bear
- Engelse storie: Patrick`s pumpkin en The Three goats.
- Letterland: Annie Apple
- **Spelling: car jar far bar art - word Vrydag geskryf.**
- Lewensvaardigheid: Hou jou gemeenskap skoon en netjies.
- Kunsaktiwiteit: Verbeeldingsmonster wat van vullis leef.

Groete
Graad een personeel